

## Graad 10 – Morfologie Memorandum

1. Skryf die voegsels neer wat in die volgende woorde voorkom en sê ook wat elke voegsel se funksie is:
  - 1.1 radioseine (1)  
**-e dui die meervoud aan. ✓**
  - 1.2 Langste (1)  
**-ste dui die oortreffende trap aan. ✓**
  - 1.3 Koue (1)  
**e – dui die verboë vorm aan. ✓**
2. Stel vas in watter gevalle die ge- in die woorde **geluid, geduur** en **gemeet** 'n voorvoegsel of deel van die stam van die woord is. (2)  
**By geluid is dit deel van die stam ✓ maar by geduur en gemeet is ge 'n voorvoegsel ✓**
3. Skryf die korrekte vorm van die woorde tussen hakies by blok 1 en blok 6 neer. (2)
  - 3.1 **ploffende ✓ (let op verbuiging)**
  - 3.2 **verskillend ✓ (geen verbuiging)**
4. Maak gebruik van jou kennis van metamorfeme om die volgende opdragte uit te voer:
  - 4.1 Maak 'n sin waarin jy die werkwoord **spring** as 'n s.nw. gebruik. (1)  
**Met een sprong was hy oor die muur. ✓**
  - 4.2 Skryf 'n metamorfeem vir die selfstandige naamwoord **klank** neer. (1)  
**klink ✓**
  - 4.3 Skryf 'n woord uit die teks neer waaruit die woord beskonke gevorm word. (1)  
**skink ✓**
5. Maak gebruik van voor- en/of agtervoegsels om die korrekte vorm van die woord tussen hakies te vorm.
  - 5.1 Hoesgeluide is darem 'n eienaardige vorm van (kommunikeer) (1)  
**kommunikasie ✓**
  - 5.2 Die (Amerika) orkes speel mooi musiek. (1)  
**Amerikaanse ✓**
  - 5.3 Jy moet 'n ratelslang vermy – al is dit nog maar 'n ou klein (ratelslang). (1)  
**ratelslangetjie ✓**
  - 5.4 Wanneer jy iemand wed, gaan julle 'n (wed) aan. (1)  
**weddenskap ✓**
  - 5.5 Die arme man het (sonder dat hy weet) op die slang getrap. (1)  
**onwetend ✓**
6. Verdeel die woord **videospeletjies** in al die morfologiese dele waaruit dit saamgestel is. (2)  
**video & speel = stamme ✓ / tjie & s is agtervoegsels ✓**
7. Die morfologiese samestelling van die woorde **springmielies, sandduine** en **hoesgeluide** is almal dieselfde.

- 7.1 Skryf die morfologiese samestelling neer (1)  
**stam + stam + agtervoegsel ✓**
- 7.2 Hoe verskil die woordsoorte waaruit **sandduine** saamgestel is van die ander twee samestellings? (2)  
**sandduine bestaan uit 2 s.nwe. ✓ Die ander twee bestaan elk uit 'n ww. en 'n s.nw. ✓**